
# Afrikaans Tuisprogram



Naam....................................................................................................

# Petra se verjaarsdag




Dit is vandag Petra se verjaarsdag. Sy word 8 jaar oud. Mamma het gesê dat sy vandag 'n partytjie kan hou. Sy wil graag 'n prinses wees. Mamma het vir haar 'n pragtige pienk en pers koek gebak. Sy het 9 maatjies na haar partytjie genooi. Hulle gaan op die trampolien spring, roomys eet en daarna 'n bietjie swem. Petra kan nie wag vir 12 uur nie, want dan kom haar maats.

Wat is die titel van die die storie?

______________________________________________

Hoe oud raak Petra?

Petra raak ______________________________________

Wat wil Petra op haar verjaarsdag wees?

Sy wil ______________________________________

Hoeveel maats het Petra na haar partytjie genooi? ______

Noem 2 dinge wat Petra en haar maats by die partytjie gaan doen:


- ______________________________________________
- ______________________________________________

Hoe laat begin die partytjie? ____________________

# Susan raak siek

Susan raak die oggend vroeg wakker. Haar keel is seer en haar kop voel te groot vir haar lyf. Mamma kom in die kamer in en kan dadelik voel dat Susan se kop warm voel. Mamma gaan haal die koorspen om Susan se temperatuur te meet. "Kom Susan," sê Mamma. "Jy moet in die bed bly. Jy het verkoue. Ek gaan gou vir jou medisyne haal." Mamma stap na die kombuis om die medisyne te kry.

Susan kruip onder die warm komberse in en maak haar oë styf toe. Sy is baie hartseer, want vandag gaan haar klas op 'n uitstappie na die dieretuin. Mamma bring haar medisyne. Sy drink dit en raak aan die slaap. Toe sy wakker word voel sy baie beter, maar mamma sê sy moet haar groentesop drink en die res van die dag steeds in die bed bly.



Beantwoord die volgende vrae:

- Wat is die titel van die storie? ........................................................................


- Hoe weet jy Susan voel siek? ........................................................................

- Wat gebruik mamma om Susan se temperatuur te meet? ........................................................................
- Wat gaan haal mamma in die kombuis?

  ........................................................................
- Hoekom voel Susan hartseer? ........................................................................

- Wat moet Susan drink? ........................................................................

# Prentbeskrywing



Kyk na die prentjie van die hanswors. Beantwoord die onderstaande vrae:

Gee vir die hanswors 'n naam: Sy naam is ..............................................

Waar sien ons altyd 'n hanswors? By 'n ..............................................

Teken vir die hanswors 'n neus.

Hoe lyk 'n hanswors se neus? Hy ..............................................

..............................................................................................

Wat doen 'n hanswors? Hy ..............................................


..............................................................................................

Dink jy dit is lekker om 'n hanswors te wees? ..............................

Waarom sê jy so? ..............................................

..............................................................................................

# BEGRIPSLEES:
## EK VERSTAAN WAT EK LEES



Lees die onderstaande sinne. Teken 'n prentjie langs elke sin om te wys dat jy verstaan wat jy gelees het.

| | |
|---|---|
| Mamma bak 4 koeke, elkeen 'n ander kleur. Die eerste een is bruin, tweede een blou, derde een groen en die laaste een geel. | |
| Daar sit 'n hond onder die boom en 'n kat hoog in die boom, met 'n voël wat verby vlieg. | |
| Ouma dra 'n pers rok, met oranje skoene. Sy dra 'n rooi voorskoot en haar hare is grys. | |
| Boetie ry met sy rooi karretjie op die groen mat terwyl sussie met haar nuwe pop speel. | |